

1. Wellington hou weer Stasiefees

“WÊRELDREKORD AANSLAG: Tydens die OP ‘N STASIEFEES op Saterdag, 17 Mei 2014, gaan daar ‘n aanslag wees om die “Genius Book of Records” se kurktrek-rekord te verbeter. Australië hou tans die rekord van 360 proppe wat hulle in ‘n gegewe tyd getrek het!! Ons ATKV- Wellington Gesinstak, wil dié rekord by die OP ‘N STASIEFEES verbeter!!! Jykan deel wees hiervan!!!

Die bottels wyn vir die geleentheid word verskaf deur Wellington Wyne (wit en rooi) en die kurktrekkers word deur LE BAC geborg. Die aktiwiteit sal plaasvind in die Wyntuin op Saterdag, 7 Mei 2014. Alle deelnemers moet asb. nie later as 10:30aanmeld nie!! Ons begin stiptelik 11:00trek!!

Die koste van die kaartjie beloop R40.00. Dit sluit ‘n bottel wyn en die kurktrekker in. Kaartjies is beskikbaar by alle ATKV-bestuurslede, asook by Theo van INKLAB Daar is slegs 600 kaartjies!!

KOM WORD DEEL VAN HIERDIE ONGELOOFLIKE POGING EN VAN DIE SPAN WAT DIE AUSSIES OP HULLE NEUSE GAAN LAAT KYK !!!! KOM HELP ONS OM DIE GROOTSE POGING IN DIE “Genius Book of Records” AAN TE TEKEN!!!!”

Die Stasiefees program kan afgelaai word op die webtuiste by:

<http://www.wellingtoninfo.co.za/index.php/wellingtoninfo/gebeure/>

2. Verdagte persoon in Uitsig:

2.1 “Hallo. Ek wil graag 'n verdagte persoon rapporteer. Dis 'n swart man met 'n olyfgroen hoedjie op wat hier in Uitsig rondwaal en geen geheim daarvan maak dat hy die huise dophou nie. As mens na hom kyk, gaan staan hy sommer stil om jou aan te staar met 'n snaakse kyk in sy oë. Hy loop elke dag in Stephaniestraat en 3de Laan rond en ek het hom al 2 keer in mense se erf gewaar terwyl die mense nie by die huis is nie. Ek het die polisie gebel, maar ek weet nie of hulle betyds was om die man in die erf te betrap nie en ek dink nie hulle kan veel doen behalwe as hulle hom op heterdaad betrap terwyl hy iets teen die wet doen nie. Ek het hom gesien met een van my bure se tuinman sry en het toe later met die tuinman gaan gesels om uit te vind wat die man wou hê. Hy wou toe weet van die honde en die sekuriteit by die mense se huis en wou hê die tuinman moet hom inneem in die erf om glo water te kry wat hy natuurlik geweier het. Die man staan elke dag by my buurvrou se hek en druk herhaaldelik die klokkie. Sy het ook al 'n paar keer die polisie gebel oor die man, maar die volgende dag is hy net weer hier. Wat kan ons doen? Dit voel vir my dat hy net elke keer buite my huis is as ek my kar uittrek om iewers heen te gaan. Ek en my buurvrou voel al baie onveilig. Is daar ander mense wat ook die man opmerk en soortgelyke probleme ervaar? Groete, J. Sollberger”

2.2 “Vanoggend terwyl ek by die skool was, het twee ouerige swart mans met n bakkie die voordeurklokkie in Black Princestraat gelui en aan my huishulp gesê dat ek hulle opdrag gegee het om "papiere" by my huis te kom haal. My huishulp het hulle toegang geweier waarop hulle aangedring het om in te kom en het gesê dat ek hulle verlede Woensdag voorgekeer het en gevra het om die "papiere" te kom haal. Sy het hulle egter weggewys. Karin Nortje”

3. Hawelose mense in Wellington.

“EK SIEN VAN OGGEND OP PAD WERK TOE N GROEP MENSE HET NOU LYK MY INGETREK OP DIE STOEP VAN OU KOFFIE WINKEL OORKANT NG MOEDERKERK. TOE EK IN KERKSTRAAT LINKS DRAAI MERK EK OP MENSE MAAK SOMMER VUUR OP KERK SE PARKEER AREA. OM NIE EENS TE PRAAT VAN TOE EK IN ROOSSTRAAT OP DRAAI EN DIE

ALOM BEKENDE BEVOOREGTES KRY OP DIE SYPAADJIE BESIG OM ELKEEN N GLASIE WYN UIT PAPSAK TE GOOI OM NUWE DAG TE VIER IN “HUL AGTERPLAAS” WELLINGTON. DIESELFDE UITVERKORENDES WAT HULSELF AS KARWAGTE AANSTEL EN BESIGHEID VERDRYF UIT DIE DORP, OM NIE EENS TE PRAAT VAN HOE VUIL HULLE DIE GEBOUE EN MURE BEMORS NIE.

EK WONDER SOMMER HARDOP OF ONS EDELAGBARE BURGEMEESTERES BEWUS IS HIERVAN, EN SO VERDRAAGSAAM SOU WEES, AS DIESELFDE SOU PLAASVIND LANGS HAAR BESIGHEID OP N DAAGLIKSE BASIS? WIE SE PROBLEEM IS HIERDIE PERSONE? DA MUNISIPALITEIT? POLISIE? WETSTOEPASSING???

MUNISIPALE BELASTINGBETALER SONDER REGTE, NIKKI”

4. Verkeersprobleme:

4.1 “Ek wil heelhartig met Fanie en almal wat van mening is dat ons verkeersbeamptes in Wellington totaal afwesig is, saamstem. Mens loop jou eenvoudig vas in 'n verkeershooft wat jou probeer oortuig dat daar gereeld spoedlokkvalle gehou word terwyl daar inder waarheid NIKS plaasvind nie. Kan ons nie vra dat die Raadslid wie se portefeulje dit is, 'n vergadering reel wat die VERKEERSHOOFT, (nie die plaaslike verkeersbeampte nie) bygewoon want ek stem saam die situasie gaan lei tot iets soos padwoede. Fanie jys reg ““traffic control in Wellington sucks”. Erik Marais”

4.2 “Ek wil net weet waarom Taxi bestuurders die reg het om op enige plek langs die pad te mag stil hou en persone op of af te laai? Ek ry daaglik die pad tussen Wellington en die Paarl en dan, veral soggens, met spits verkeer stop die Taxis op enige plek terwyl daar n “Taxi Ramp” sowat 50 tot 100m verder aan is. By die verkeerslig net voor die Daljosafat Stadion (regoor HG Molenaar) trek hulle net eenvoudig links tot langs die sygaardjie en laai mense op terwyl die pad daar verander vanaf n dubbel baan na n enkel baan. Nou moet die voertuie wat agter die Taxi gery het stop want daar is voertuie in die regter baan. Dit terwyl daar n “Taxi Ramp” n paar meters verder aan is!!!! Dit is nonsense en jy kry dit nie in ander lande soos Europa nie, daar loop jy tot by die “Ramp” en wag vir jou “lift” Ek hoop ons verkeers department monitor die situasie want waarvoor is daar dan “Taxi Ramps”? Gawie Burger”

Te oordeel aan die groot hoeveelhede eposse wat ontvang word, wil dit voorkom of daar twee goed is wat Wellingtoners warm onder die kraag het, en dit is die gebrek aan 'n sigbare verkeersbeampte in Wellington en die dramatiese toename in haweloses en leeglêers in die middedorp. Ek verneem dat laasgenoemde wel op die agenda van die Munisipale bestuur is om moontlike oplossings te vind, waaronder die moontlike oprigting van 'n nagskuiling. Ons kan maar net hoop dat hierdie oplossings baie gou gevind sal word en dat Wellington se middedorp van totale verval gered sal word.

Die probleem ten opsigte van die gebrek aan 'n sigbare verkeersbeampte was male sonder tal by die Wellington forum vergadering, opgehaal. Daar was verskeie kere deur die verkeersdepartement onderneem dat hierdie diens opgeskerp sal word en indien die sporadiese besoek deur 'n verkeersbeampte aan die dorp in aanmerking geneem word, is daar seker 'n baie geringe verbetering. Dit is egter min vertroosting vir motoriste wat elke oggend tydens spitsverkeer hulle lewens op die spel plaas deur uit te swaai vir Taxi's wat eenvoudig, voor aankomende verkeer, 'n U-draai maak voor die museum in Kerkstraat.

5. Kan iemand dalk help:

“Ek is nie seker wie om te kontak nie, maar ek is op soek na veilige parkering vir my motor naby Wellington-trein-stasie? My trein vertrek 05:41 in die oggende en ek is weer terug in Wellington om 19:00. As enige iemand weet van 'n plekkie, sal dit baie waardeer word. Groete Emile Butler
emileb@mweb.co.za”

Daar word die afgelope tyd baie versoeke ontvang, van mense en besighede wat advertensies wil plaas op WellingtonINFO nuusbrief. Aangesien dit 'n gemeenskapsprojek is wat belangrike inligting bevat wil ons nie graag iets daarin plaas wat moontlik sal verhoed dat inwoners dit in die toekoms nie sal lees nie. Omdat dit 'n gemeenskapsprojek is, ondersteun WellingtonINFO egter graag organisasies soos Wellington Sakekamer en sal graag blootstelling wil gee aan ander besighede / persone wat lid is van gemeenskapsorganisasies soos die Sakekamer wat hulle beywer vir die goeie welstand van die dorp.

Daar is verskeie organisasies & persone, soos die Wellington Rapportryers, ATKV, Breytenbach Kultuursentrum, Lions, Solidariteit Helpende Hand ens. wat ongelooflike goeie werk in die gemeenskap doen. Werk waarvan die deursnee inwoners in baie gevalle nie eers van bewus is nie. Ons wil inwoners en besighede aanmoedig om hierdie organisasies te ondersteun en om meer inligting hieroor te bekom kan die webtuiste besoek word by: <http://www.wellingtoninfo.co.za/index.php/organisasies/>

www.WellingtonINFO.co.za